Ons Joernaal

Nadat jy genoeg mis in jou pampoentuin in gewerk het, kan jy ‘n effense holte maak om nog mis daarin te spit.

Loïs spit hoendermis **diep** in die grond in waar ons die pampoenpit gaan plant.

Sorg dat jy die holte op so ‘n plek maak dat die pampoen ewe vêr in alle rigtings sal kan groei.

Maak dan `n groot ronde dam….

…..en plant die pit 5cm diep in die middel met die skerp punt na onder.

Sit sifdraad bo-oor die pit sodat voëls en muise dit nie kan bykom nie.

Gooi die hele dam elke oggend goed nat, 10 l per dam behoort genoeg te wees.

Jy hoef nie nou al jou hele tuin met mis in te werk nie. Ons het vir eers net mis in ‘n plus (+) teken om die damme in gespit.